# OMGEWINGSIMPAKEVALUERINGSPROSES

## VOORGESTELDE UITBREIDING VAN ASDAMME TE HENDRINA KRAGSTASIE, MPUMALANGAPROVINSIE

**DEA Verwysingsnommer: 12/12/20/2175**

Die OIE kennisgewings wat in Maart 2011 geadverteer is, waardeur kennis geskied het dat Eskom Holdings Beperk die Uitbreiding van Asdamme by hul Hendrina Kragstasie in die Mpumalangaprovinsie voorstel, verwys.

Ingevolge Staatskennisgewing R544, R545 en R546 wat op 18 Junie 2010 gepubliseer is, geskied kennis hiermee aan alle belangstellende en/of geaffekteerde partye (B&GP's) dat die Konsep Bestekopnameverslag vir die Uitbreiding van Asdamme te Hendrina Kragstasie by die volgende plekke (in druk), op Lidwala Raadgewende Ingenieurs se webwerf (http://www.lidwala.com), sowel as op CD (op skriftelike versoek), vir oorsig en kommentaar beskikbaar gemaak sal word tydens die kommentaartydperk wat vanaf **Donderdag, 2 Junie 2011** tot **Dinsdag, 12 Julie 2011** (teen sluitingstyd) sal duur:

| Gebied | Plek | Straatadres | Kontaknommer |
|---|---|---|---|
| Middelburg | Steve Tshwete Plaaslike Munisipaliteit | Wandererslaan, Middelburg | 013 249 7000 |
| | Gerard Sekoto Openbare Biblioteek | Wandererslaan, Middelburg | 013 249 7271 |
| | Middelburg Kamer van Koophandel | Walter Sisulustraat (voorheen Kerkstraat), Middelburg | 013 243 2253 |
| Hendrina | Steve Tshwete Plaaslike Munisipaliteit (Hendrina Satellietkantoor) | H/v Kerk- en Moutonstraat, Hendrina | 013 293 0000 |
| | Hendrina Openbare Biblioteek | H/v Kerk- en Moutonstraat, Hendrina | 013 293 0000 |
| Pullenshope | Pullenshope Openbare Biblioteek | Kiaatstraat, Pullenshope | 013 296 1300 |

B&GP's word ook uitgenooi om die volgende Opedag en vergadering by te woon:

| DATUM | TYD | PLEK |
|---|---|---|
| Dinsdag 5 Julie 2011 | 14:00 tot 18:00 | Pullenshope Ontspanningsentrum, Kiaatstraat, Pullenshope |
| | 18:00 tot 19:00 (vergadering) | |

Die doel van die Opedag is om die voorgestelde projek aan die publiek voor te hou, om B&GPs die geleentheid te bied om met die projekspan te skakel en om enige verdere kommentaar en/of knelpunte wat hulle rakende hierdie voorgestelde projek mag hê, te opper.

Rig asseblief u navrae of kommentaar **op skrif** aan die Openbare Deelnamekonsultante hieronder:

**Nicolene Venter / Frank van der Kooy / Bongi Mhlanga**
**Lidwala SA (Edms.) Bpk.**

Posbus 4221, Northcliff, 2115
Tel: 011 798 0635 of 087 351 5145
Faks: 086 686 1628
E-pos: hendrinaeia@lidwala.com

Lidwala